CONTENTS

VOLUME 31(1), March 1998

EDITORIAL 1
NACHRUF/OBITUARY: Hartmut "Eddy"Kehlbeck 2
FRIEDRICH, G. Vogelbeobachtungen auf Farm Tsutsab 3
MENDELSOHN, J. Nest boxes for birds in Namibia 9
BOIX HINZEN, C. Canned hornbills in Daan Viljoen Game Reserve 11
REID, A & J. A morning at Vrolijkheid Nature Reserve and a heronry, near Nuy Valley, South Africa 15
OSBORNE, TO. Suspended breeding: Effects of the current drought in Etosha 17
HINES, C & MENDELSOHN, J. Whitebellied korhaan in Namibia: A first record from the Andoni grasslands 19
KAESTNER, PG. Identifying immature plovers on the coast: Do Kentish Plovers occur in Namibia? 22
SIMMONDS, R. World record terns at Sandwich 23
BOIX HINZEN, C. Sexual encounters in Violet Woodhoopoes 26
BUTCHER, T & M. Immature amateur bird list 29
SHORT NOTES 30
VERSVELD, F & SWANEPOEL, W. Sandveld wegbreek 36
PROJECTS & ACTIVITIES
Greenspace and the Namibia Bird Club 41
Results of the WIS Bird Race 43

EDITORIAL

This summer has seen the most remarkable influx of huge numbers of birds of a variety of species and a surfeit of rarities from the North to the coast and places in the South – or is it that we are getting more birders out into the field finding more birds and reporting their observations. I think it is probably a combination of both.

This year, some of the biggest numbers of Abdim's Storks I have ever seen, arrived and stayed even though there was a general lack of rain and *Koringkrieks*! Around Etosha, through the central parts of the country to south of Windhoek there were storks everywhere. Huge numbers of coastal terns, skuas, waders and pelagic seabirds were reported from the Walvis Bay and Sandwich Harbour areas. Large numbers of Western Redfooted Kestrels were reported from the central part of the country for most of the summer and huge numbers of European Swifts were reported at the same time. But for me the interesting thing has been the number of reports we have recieved of other species of interest (see *SHORT NOTES*) and the number of people reporting these. I can only hope that people's interest has again been stimulated to get out birding and that, although local, *Lanioturdus* is starting to provide the medium for pricking people's interest. This is what it is there for, and I cannot stress enough to you all that without your support and contributions the magazine (and the club) will fail.

Thanks for all your support and keep on birding.

Collared Flycatcher *Ficedula albicollis*

Boix, Tree and Sinclair all report seeing Collared Flycatchers from Kalahari woodlands in the Bagani–Popa Falls–Mahango Game Reserve area at different times recently (December to February). This summer migrant is probably overlooked as it is regular in southern Zambia and is now regarded as rare but regular in Zimbabwe.

European Reed Warbler *Acrocephalus scirpaceus*

A single bird was caught in mist nets at Shankara on the Okavango River by Mark Paxton in late December. This species is regarded as rare in southern Africa but is difficult to identify in the field and has been regularly reported from mist nets in north-eastern Namibia.

Shelley's Sunbird *Nectarinia shelleyi*

Tony Tree reports finding a pair feeding in mistletoe at Ndhovu Lodge outside the Mahango Game Reserve in late January. This species has been recently reported from Katima Mulilo (Katy Sharpe), Kalizo (R Randall) and Popa Falls. It should be looked for in riverine fringe woodlands especially during the summer months as it is thought to undergo some movements.

SANDVELD WEGBREEK

Freddie Versveld & Wessel Swanepoel
Posbus 1203, Windhoek en Posbus 21168, Windhoek

Terwyl ek op Wessel wag waar hy 'n paar laaste, maar allernoodsaaklike reëlings hier in Windhoek tref, verwonder ek my weer oor die aanpassingsvermoë van 'n Huismossie. Vlak voor my hop hy op die grond rond en sluk sulke geel hompe dadels in. Eintlik gaan hy deur as 'n tipiese saadvreter, maar sy kleintjies maak hy weer hoofsaaklik op insekte groot.

Die plan is om in Boesmanland by (Tsumkwe) te gaan draai en deur Hereroland-Oos (Otjinene) terug te keer. Skuins voor sononder is ons op 'n

tweespoor-veldpaadjie in breëblaar *Combretum*-veld, sterk op pad na die Boesmanskooltjie by Dengwe wat in aanbou is. 'n Kleinsingvalk met iets in sy pote trek ons aandag. Hy gaan skuil met sy prooi in 'n ruie sterkbos. Toe hy weer opvlieg kon ons ten spyte van die laatmiddagson met ons verkykers tog duidelik sy eenvormige dofswart kleur waarneem – ongetwyfeld die skaarser melanistiese vorm.

'n Hoogtepunt op ons vier–dae reis was beslis die ongereptheid van die uitgestrekte Nyae Nyae pan. Die ylingse vlug van die klein swermpies Gevlekte Sandpatryse in dié rigting belowe van vroeg-oggend af al dat daar 'n drinkwatertjie vorentoe lê. Was ons verbasing groot toe ons eindelik in die snikhete ure van die dag op hierdie "oneindige" waterpan afkom. Watervoëls swem en waad in hulle honderdtalle in die betreklike vlak pan wat die illusie van 'n lugspieëling skep. Strandlopertjies, Bontkiewiete, Rooibekeende en Flaminke oes naarstigtelik wat die modderwater bied, of staan droomverlore en ineengedoke op 'n vol pens en dut.

Die Kemphane in die randwaters werskaf soos energieke, krom oumense in hierdie ongenaakbare oorlewingsstryd. In 'n droër deel van die pan lê die verstrooide bene van 'n ou kameelperd. 'n Groot luiperd se spore is sigbaar in die motorpaadjie. Op die wal van die pan langs sien 'n mens orals Gewone Koesters, Woestynklopkloppies en Rooineklewerikke.

Op 'n kaal padkruising onderkant die Ahaberge (blok 1920 DD) maak ons laatmiddag kamp. Die pioniers wat hierdie koppies benoem het was gewis Sandvelders. Hier het hulle so byna die spreekwoordelike berg van 'n molshoop gemaak! Toe die skadus lank word, bevind ons ons op een van die rantjies in die omgewing. 'n Mens moet jou roete versigtig kies of jy loop jou kort-kort vas in die digte bosse. Die reuk van stinkmiere hang plek-plek swaar in die lug. Vlak by die Botswana grens spoor 'n Gewone Swartmees-paartjie ons op en verkondig luidkeels ons ongewenste teenwoordigheid aan. Die grys strepe op die onderstertdekvere wat hom van die Ovamboswartmees onderskei is duidelik sigbaar. Die valer wyfie is ook duidelik onderskeibaar. Vier groot koedoebulle met kurktrekkerhorings beur die takke oop in 'n stadige gallop, doer onder in die rivierlopie. 'n Koei blaf verskrik hier by ons en hardloop dan onseker met haar kalf weg.

Verderaan steek 'n trop Kalahari-bobbejane die vyf parallel gespande grensdrade minagtend oor. Elkeen klim in sy eie halfwas boompie om gou op sy agterpote die omgewing na behore te bespied. Onthou, dis leeuwêreld hierdie en die groot katte figureer skerp in kees se angswekkende nagmerries. 'n Gevlekte Ooruil vlieg geruisloos 'n paar keer voor ons uit toe die skemer begin om ons kamp toe te jaag terwyl 'n Bospatrys vir oulaas kraai.

Dié aand luister ons met 'n paraboliese klankopvanger na die gesellige naggeluide wat van oral oor deur die bosse kom. 'n Veldkriek speel eentonig viool met sy strykvlerke. Die blafgeitjies van die Kalahari-bosveld laat ook nie op hulle wag nie. Wie wil nou 'n man met so 'n dik stem gaan aanval? Die naguile en die Skopsuile verkondig die vreugdes van 'n vroeë reënseisoen. Baie prominent is die Suid-Afrikaanse naguil se "Jaag-weg-die-wewenaar". Ons hoor ook die Witkoluil.

Laatnag reën dit onverwags – soos in geen tent opgeslaan nie. Ons vou die bokseil wat slange en skerpioene moet weghou bo-oor ons en probeer van 01:30 af tot 06:00 die volgende oggend om in die gietende reën 'n uiltjie te knip. Arms en bene moet voortdurend vervat en verskuif word om te voorkom dat die water op die seil opdam en dan drup. Draai jy op jou sy kry jy water in jou oor. Toe die reën die volgende oggend ophou, hang ons die slaapsakke uit om winddroog te word en luister na die baldadige gekwetter van die voëls om ons. Ons sien onder andere Bennettse Spegt en Gestreepte Visvangers. Weldra koers ons suid al langs die grenslyn af. Ons merk 'n hele paar neushoringvoëlsoorte op waaronder die Bradfieldse Neushoringvoël wat in vlug herinner aan 'n boskraai vanweë sy swaar vlerkslag en gemaklike sweefaksies. 'n Rooirugstreepkoppie kom sit voor ons in 'n doringboom. Helder skyn die son op sy goudgeel bors. Manketti-bome troon uit oor die omliggende struike.

In die ry tel Wessel 'n vreemde geluidjie van 'n tinktinkie op. Dit blyk by nadere ondersoek die Rooitinktinkie te wees. Groot was ons vreugde want dié voëltjie ontwyk ons nog altyd. Dit was baie maklik om die Rooitinktinkie uit te ken. Sy rooibruin kop en stert is baie prominent en sy roep verskil heeltemal van dié van die Bosveldtinktinkie. Terwyl ons die

Rooitinktinkies bestudeer kon ons die verskille duidelik opmerk aangesien daar ook 'n paar Bosveldtinktinkies hier op die struikagtige vaalbosse (*Terminalia sericea*) kom sit en roep het.

Ons het pas 'n Kremetartlaksman gesien of ons bereik die groot kremetarte van Kremetartkop dieper in na die weste toe. Hierdie is die brandwag (bobbejaan) van die berge se veiligste slaapplek. Die knoetsies aan die allemintige dik stam is blink getrap van swaar verkeer. Pulp van die kremetartvrugte lê oral rond gesaai. Die area is maar redelik onwelriekend. 'n Witkoluiltjie en ontstelde boom-eekhorinkies trek ook ons aandag. Van die kruin af sien ons geen wild nie, behalwe vir 'n paar Volstruise op die vlakte.

Ons hervat die reis na Gam in Hereroland-Oos. Enkele geeloog koggelmanders sit plek-plek uitdrukkingloos in die toppies van die boompies langs die veldpaadjie. Pas deur Gam se hek, 'n veeartssenykundige beheerpunt, swaai ons weer ooswaarts in die Eiseb Omuramba en oornag op 'n rooi sandduin tussen reusagtige manketti-bome (2020 BB). Dié mankettis staan al op die duine langs soos hare op 'n hond se rug. Ons was weliswaar verbaas om so ver suid nog mankettis aan te tref, en het dadelik ons kamp die naam "Manketti Mansions" gegee. Die omgewing het belowend gelyk en ons kon nie wag vir die volgende oggend se voëlskyk nie. Dié nag luister ons weer met die parabool. Ons hoor Nonnetjie-uile krys, 'n Boskorhaan fluit en 'n Geelbekneushoringvoël se gekor-kor wat die nagstiltes af en toe deurklief. Dagbreek luister ons na die Bospatryse se geroep. Met die parabool stap ons op 'n skelgeluid af

wat 'n voël aanmekaar uiter. Dit geluk ons om die voël uiteindelik op te spoor. In werklikheid toe twee voëls – twee Gestreepte Visvangers. Dit is die teenwoordigheid van 'n Witkoluiltjie in 'n manketti wat die twee uiters aggressief maak. Hulle duik beurtelings skellend op hom af om dan tjoepstil aan die kant van 'n nabye boomtop stelling in te neem. Hul vlerke word met die duikslag teruggewerp soos 'n arend sy prooi sou skep. Die uiltjie sit dan vroom en onskuldig onder die beskerming van 'n dikkerige tak. Skielik probeer hy vinnig wegkom maar die visvangertjies is meedoënloos agter hom aan. Deur hulle volgehoue strydkrete kon ons vasstel dat sy wegglippoging onsuksesvol was. Ons hoor 'n keer of wat die Gestreepte Visvangers se gewone roep, 'n pragtige geluid, so eie aan Afrika.

Hier by Manketti Mansions sien ons ook weer die Bradfieldse Neushoringvoëls. Dit was nie eintlik 'n verrassing nie. Ons het al geleer dat die kanse goed is om hulle raak te loop indien daar mankettis in die omgewing is. Hulle vreet seker die neute.

Onder in die Eiseb Omuramba is Marico Vlieëvangers tussen die acacias en slegs 500 m verder uit die omuramba in die duine kry ons Muiskleurvlieëvangers. Die Swartkroontjagra en Rooivlerktjagra kom ook hier langs mekaar voor. Ons sien ook die pragtige groen en wit Witpenssuikerbekkie.

Op pad na Otjinene stop ons by 'n paar kalkagtige kranse in die Theronsvallei. In die grotte hou heelparty Nonnetjie-uile skuil. Ons versamel 'n paar uilkoutjies wat heelwat muishare en voëlkopbeentjies bevat. Langs die nes van boomblare en gras van 'n kolonie muise in 'n vlak grot, is ook 'n netjiese latrine van een of ander katspesie. By een van die kamphekke wat ons later deurgaan, lê 'n elandkoei rustig en herkou tussen die Brahmane in die beeskraal! By 'n volgende hek is 'n swerm Baardmannetjies in 'n digte blinkblaar wag-'n-bietjie struik doenig. Hulle vlieg sporadies weg maar kom dan weer vinnig sit om langnek te loer in 'n verinneweerde voëlnessie se rigting. Baie versigtig maar nogtans ook vol bravade en nuuskierigheid. 'n Bosveldtjeriktik en 'n Kalahariwipstert is sommer openlik besig om ondersoek in te stel oor die Baardmannetjies se konsternasie. Ons sien toe die ligbruin streepmuis in die digte lower raak.

Hy leef hoofsaaklik van saad, plantjies en insekte. 'n Mens wonder hoekom die voëltjies die muis so wantrou? Het hulle sy stert vir 'n slangetjie aangesien? Lyk hy vir hulle na 'n soort kat? Of weet hulle dat hy dalk voëleiertjies vreet?

Ons ry hiervandaan voet in die hoek Windhoek toe. 'n Swartborsslangarend druk haar kop sku in 'n nes weg waar dit in 'n kameeldoringboom se kroon vlak teen die grootpad gebou is. 'n Laaste stop by 'n bruggie langs die Otjivero-dam stel ons in staat om 'n klompie Familieswaels se bedrywighede dop te hou.

'n Heerlike langnaweekwegbreek!

PROJECTS & ACTIVITIES

GREENSPACE AND THE NAMIBIA BIRD CLUB

The Bird Club and the much newer group 'Greenspace' have a lot in common – shared values, shared stamping grounds, and even shared ancestry, as Bird Club members, in particular Klaus Gerstle, were thoroughly involved in the 1995 events surrounding development at Avis Dam which hastened Greenspace's formation. At that stage, as many might recall, an especially inappropriate Malaysian proposal for a casino, hotel, golf course and large housing settlement on the site of the Avis parking lot and floodplain met with support from the City Council and rejection from almost everyone else. The event galvanised us into action around the theme of a greater need for sensible, appropriate, and judicious urban environmental planning, with much greater public participation and accountability. Thus, Greenspace, which otherwise might have only developed when we all had enough free time (*c.* 2030), had a rather tumultous birth. And, thanks to all of you who gave of your time, we have kept our options for Avis Dam open, for the moment. We (in both groups) are now stronger and much better placed to advise on appropriate development options. Would-be golfers and gamblers arriving at Avis Dam